

25 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 26 :1-37
Fokusgedeelte: Eksodus 26:31-37

In sy koninkryk dien ons God deur ons hele lewe!

Ons ken God uit sy Woord en werk as die groot Skeppende Kunstenaar! Hy het my “kunstig geweef” toe Hy my in die moederskoot gevorm het (Ps 139:13, 15 – 1953-vertaling)! Hy is die Skepper van ruimtes en dieptes, vlakke en dimensies, kleur en klank – en dit alles in volkome harmonie.

Daarom verbaas dit ons nie dat Hy in soveel fyn besonderhede bepaal hoe die tabernakel moet lyk waar sy volk Hom in die woestyn moet aanbid en dien nie. Hy het die reg om te sê watter kleure wolstof en linne gebruik moet word sodat die gordyn tussen die heilige en allerheiligste in die tabernakel ’n pragtige geborduurde kunswerk sal wees, versier met goud en silwer. Die rede hiervoor is dat die simbole van God se teenwoordigheid agter die gordyn is. Hy woon in majesteit en heerlikheid by sy volk. Moet ons diens aan Hom en ons verhouding met Hom dan nie ook netjies wees en van eerbied getuig nie?!

Toe Jesus aan die kruis ons sonde versoen het, het die voorhangsel van bo tot onder middeldeer geskeur (Matt 27:51), sodat ons nou in sy Naam ’n lewende, oop verhouding met God kan hê. God se koninkryk het in hierdie wêreld deurgebreek sodat Hy deur ons hele lewe verheerlik kan word, ook deur die skeppende kunste. Gelowige kunstenaars het die talent van Hom ontvang om met hulle kunswerk iets van sy groot kunswerk uit te beeld om Hom as die eintlike Kunstenaar te verheerlik!

In elkeen in wie sy koninkryk gekom het, bewerk Hy al hoe meer liefde sodat ons die “fyn aanvoeling” kan hê, letterlik “die paslike, mooi kuns”, om te kan onderskei waarop dit werklik aankom (Fil. 1:9, 10).

Sing: Psalm 45:1, 2 (1936-beryming)

Ds. Nico Botha (Emeritus)